Min of Justice
L v d Riet

Opsomming: Kaapstad ROM 657/9/64

KLAER: MEJ. LYNETTE VAN DER RIET, WITVROU, 3 FELICIA-STRAAT, BELLVILLE.

OORTREDING: AANRANDING (GEWOON) W/W, VROU, 26, PLATHAND.

PLEK: POLISIESTASIE, KAAPSTAD. PC170/1/10/2/3

DATUM EN TYD: AAND VAN 6.7.1964.

BESKULDIGDE: NR. 24397 S/SERS. JOHANNES PETRUS FRANCOIS VAN WYK, VEILIGHEIDSPOLISIE, KAAPSTAD.

VIR DIE STAAT.

(1)

LYNETTE VAN DER RIET:- Verklaar dat sy tans onder die 90-dae klousule aangehou word. Gedurende die aand van 6.7.1964 was sy by Caledonplein poliesiestasie deur S/Sers. van Wyk ondervra. Hy was baie onbeskof teenoor haar en het die volgende woorde teenoor haar gebesig:- "Jy is van die laagste skuim" (You are of the lowest scum) en "Jy is n lae teef" (You are a low bitch).

Nadat getuie haar ouers gespreek het, het S/Sers. van Wyk haar na n kantoor op n bo-verdieping van die hoofgebou geneem waar sy gevra is deur S/Sers. van Wyk om sekere inligting te verstrek wat sy geweier het. Nadat hy, S/Sers. van Wyk, eers op n ordentlike manier met haar gepraat het, het sy houding verander en gesê: "Ek is n harde man en nou behandel ek jou soos n krimineel". Terselfdertyd het hy haar op haar slape (temples) met sy plathand geslaan. Die houe was besonder hard en pynlik. Getuie het hom gevra hoe hy so iets aan iemand kon doen. Hy het haar nie geantwoord nie en haar weer n paar keer geslaan. Elke keer het sy swart voor haar oë gesien en tussen die houe het hy (van Wyk) gesê: "gaan jy nou praat".

Getuie het n paar maal op die vloer geval en eenkeer het sy geskreeu. Later het getuie gehuil en toe sê S/Sers. van Wyk: "Jy kan huil soveel as wat jy wil, dit sal jou niks help nie". Eenkeer toe sy op die vloer gelê het, het hy haar nog geslaan. Getuie kon nie meer reg dink nie en sy kon haar onder kakebeen beswaarlik beweeg.

Later het Luit. van Dyk en Konstabel Zandberg bygekom en haar gevra om inligting te verstrek. Later die aand het getuie haar gesig aan die matrone gewys. Sy het baie pyn in die linkeroor en kakebeen ondervind. Sy is later deur n geneesheer ondersoek en op n later geleentheid is sy na n radioloog geneem waar x-straal plate geneem was. (Sien verklaring gemerk "A.1".

(2)

DR. A.M. VAN BERGEN, Distriksgeneesheer, Kaapstad, verklaar dat hy die klaagster op 7.7.1964 om 3 v.m. by die polisieselle, Kaapstad, ondersoek het en gee beskrywing van beserings en kneusings wat haar gesig getoon het. Hy handig vorm J.88 in. (Dokument gemerk "A.2.").

2/..

DRS. E.C. SHULMAN en J.V. TODES, 601 Mediese Sentrum, Kaapstad, gee besonderhede van Radiologiese ondersoek wat op klaagster gedoen is en verklaar dat daar geen beenbreuke en geen abnormaliteite opgemerk is nie. (Sien dokument gemerk A.3).

(4)

NR. 24889 SERSANT WILLEM JOHANNES KELLERMAN, verklaar dat hy op 7.7.1964 om 1.35 v.m. die sel waarin klaagster aangehou was, besoek het. Sy het gerapporteer dat sy siek voel. Dieselfde oggend om 2.50 v.m. het hy Dr. van Bergen na klaagster se sel vergesel wie toe 'n verdere rapport gemaak het. Hy het opgemerk dat haar linkeroog opgeswel en blou was. (Verklaring A.6).

(5)

NR. 30643 A/OFFISIER EYMARD JACOBUS VAN TAAK, verklaar dat hy op 6.7.1964 om 10.55 n.m. klaagster se sel besoek het. Sy het 'n rapport aan hom gemaak en hy het gemerk dat haar linkeroog blou was. Sy wou geen klagte aanhangig maak of mediese behandeling hê nie. (Verklaring A.7).

(6)

LUIT. ABRAHAM JOHANNES VAN DYK, verklaar dat hy vir klaagster etlike kere op 6.7.1964 ondervra het. Omstreeks 7 n.m. daardie aand, het hy en S/Konstabel Zandberg na S/Sers. van Wyk se kantoor gegaan waar hulle hom (S/Sers. van Wyk) en klaagster aangetref het. Sers. van Wyk het versoek dat hy alleen gelaat moes word met klaagster.

Ongeveer 20 minute later het Luit van Dyk en S/Konst. Zandberg weer na die kantoor van S/Sers. van Wyk gegaan. Die kantoordeur was toe, maar toe hulle nader kom, het S/Sers. van Wyk en klaagster uitgekom. Laasgenoemde het gehuil en haar gesig was rooi. Sy het vir Luit. van Wyk aan die arm beet gekry en onder andere gevra "How could you allow him to hit me like that"? en na S/Sers. van Wyk verwys. Voormiddag van 7.7.1964 het hy geen kneuswonde aan klaagster gesien nie. (Verklaring A.9).

(7)

NR. 35614 S/KONSTABEL STEPHANUS THEODOR ZANDBERG, verklaar dat S/Sers. van Wyk vir klaagster op 6.7.1964 om 7 n.m. na sy kantoor geneem het, 'n rukkie later het hy en Luit. van Dyk na vermelde kantoor gegaan. S/Sers. van Wyk het versoek dat hy alleen gelaat word met klaagster. Hulle het dit gedoen en toe hulle ongeveer 20 minute later teruggkeer, het S/Sers. van Wyk en klaagster by die kantoor uitgekom. Klaagster het gehuil en aan Luit. van Wyk gevra "How can you allow him to hit one like that" Later het S/Sers. van Wyk vir klaagster na die selle teruggeneem. S/Konstabel Zandberg het opgemerk dat klaagster se linkeroog effens blou was op 4.7.1964 toe sy arresteer was. (Verklaring A.10.)

(8)

HELENA SPENCE, spesiale matrone by die vroue-afdeling van die polisieselle te Kaapstad verklaar dat sy op 6.7.1964 vanaf 2 n.m. tot 8 n.m. aan diens was. Voordat sy van diens gegaan het daardie aand, het klaagster saam met speurders vanaf die selle weggegaan. Toe het sy geen letsel of besering aan haar gesig gesien nie. Die volgende dag om 2 n.m. het sy gemerk dat klaagster 'n 'Blou oog' het. (A.8).

....3/-

(9)

ELIZABETH [illegible], spesiale matrone by die polisieselle te Kaapstad verklaar dat sy op 6.7.1964 om 8 n.m. aan diens rapporteer het. Sy het die klaagster by die selle in geselskap van haar ouers en speurders gesien. Sy kon haar nie duidelik sien nie en kon nie opmerk of enigiets met haar gesig verkeerd was nie.

Omstreeks 10 n.m. of 11 n.m. het sy saam met die aanklagkantoorsersant die selle besoek. Klaagster het op haar bed gelê en het gelyk asof sy in 'n histeriese toestand was. Sy het haar arms in 'n afwerende houding voor haar gesig gehou en aanhoudend geskree: "Don't hit me. Don't hit me".

'n Rukkie later het 'n Adjudant-Offisier die selle besoek. Sy het nog gehuil en gekla dat haar kop seer was. Haar linkeroog was toe pers-blou. (A.4.)

## VIR DIE VERDEDIGING.

(10)

NR. 24397 D/SERS. J.F.P. VAN WYK, ontken dat hy die klaagster aangerand het. (Verklaring A.5).